Verslag van die **ONAFHANKLIKE OUDITEUR**

oor die verkorte gekonsolideerde finansiële state aan die aandeelhouers van Remgro Beperk

Mening

Die opgesomde gekonsolideerde finansiële state van Remgro Beperk, soos uiteengesit op bladsye 146 tot 158 in die geïntegreerde jaarverslag 2022, wat bestaan uit die opgesomde gekonsolideerde staat van finansiële stand soos op 30 Junie 2022, die opgesomde gekonsolideerde inkomstestaat en opgesomde gekonsolideerde state van omvattende inkomste, veranderings in ekwiteit en kontantvloeie vir die jaar geëindig, en verwante aantekeninge, is opgestel vanuit die geouditeerde gekonsolideerde finansiële state van Remgro Beperk vir die jaar geëindig 30 Junie 2022.

Na ons mening, is die meegaande opgesomde gekonsolideerde finansiële state konsekwent, in alle wesenlike opsigte, met die geouditeerde gekonsolideerde finansiële state, ooreenkomstig die JSE Beperk (JSE) se vereistes vir opgesomde finansiële state, soos uiteengesit in aantekening 1 tot die opgesomde gekonsolideerde finansiële state, en die vereistes van die Maatskappywet van Suid-Afrika soos van toepassing op opgesomde finansiële state.

Verkorte gekonsolideerde finansiële state

Die opgesomde gekonsolideerde finansiële state bevat nie alle openbaarmaking soos vereis deur *"International Financial Reporting Standards"* en die vereistes van die Maatskappywet van Suid-Afrika soos van toepassing op finansiële jaarstate nie. Die lees van die opgesomde gekonsolideerde finansiële state en die ouditeur se verslag daarop kan gevolglik nie as plaasvervanger vir die lees van die geouditeerde gekonsolideerde finansiële state en die ouditeur se verslag daarop gesien word nie.

Die geouditeerde gekonsolideerde finansiële state en ons verslag daaroor

Ons het 'n ongekwalifiseerde ouditmening uitgespreek op die geouditeerde gekonsolideerde finansiële state in ons verslag gedateer 26 September 2022. Daardie verslag sluit ook kommunikasie oor sleutel-ouditaangeleenthede in. Sleutel-ouditaangeleenthede is daardie aangeleenthede wat, volgens ons professionele oordeel, van die mees beduidende was in ons oudit van die gekonsolideerde finansiële state vir die huidige jaar.

Direkteure se verantwoordelikheid vir die verkorte gekonsolideerde finansiële state

Die direkteure is verantwoordelik vir die opstel van die opgesomde gekonsolideerde finansiële state ooreenkomstig die JSE se vereistes vir opgesomde finansiële state, soos uiteengesit in aantekening 1 tot die opgesomde gekonsolideerde finansiële state, en die vereistes van die Maatskappywet van Suid-Afrika soos van toepassing op opgesomde finansiële state.

Ouditeur se verantwoordelikheid

Ons verantwoordelikheid is om 'n mening uit te spreek of die opgesomde gekonsolideerde finansiële state konsekwent is, in alle wesentlike opsigte, met die geouditeerde gekonsolideerde finansiële state, gebaseer op ons prosedures, wat ooreenkomstig die *"International Standard on Auditing (ISA) 810 (Revised)"*, *"Engagements to Report on Summary Financial Statements"*, uitgevoer is.

PricewaterhouseCoopers Geïnk.

Direkteur: A Wentzel
Geregistreerde ouditeur

Stellenbosch, Suid-Afrika
26 September 2022